Shadrack: Original music for original people! We're here to express ourselves as South Africans, to create something different and take South African music to the next level!

We perform our music in four South African languages – English, Afrikaans, Setswana and Tshivenda – which helps us to better bring across our message of acceptance and transformation.

That's a refreshing outlook. Many South African bands simply want to make it big overseas, even if that means losing touch with their South African roots.

Jacob: When you forget where you're from, you lose sight of where you're going. We don't try to copy popular international bands; that's been done too many times.

We like to surprise with our unique reggae/rock/ska sound. It's what sets us apart.

Don't you find it tough, though, to make your mark in the South African music industry?

Jaco: We do! That's why we've travelled quite a bit in the past.

We've just come back from France where we played at the MIDEM showcase of African bands in Cannes.

That was really a great experience. We got good feedback and were able to make some valuable connections. We're off to Germany next!

And the hotter babes? Abroad or at home?

Jaco: Local, definitely!

Are there any local bands you haven't yet shared the stage with but really would like to?

Abraham: Freshlyground would be one for me, but we have no preferences. We'd like to play with as many different bands as we can.

We want to learn, bring each other together and inspire each other through our collective art.

Finally, what is your most pressing message to your South African audience?

Jacob: For our nation to build on the foundation that Nelson Mandela has built, to be a living memory of him and to follow in his spirit and to walk in his humility.

IRIE, MAN! Reggae band Tidal Waves kept the crowd at Bohemia thoroughly entertained on Thursday 11 February. Pictured above is lead vocalist Jacob "Zakes" Wulana and at the top right is bassist Shadrack "Charlie" Mathopa. Photos: JANDRÉ ROBBERTZE

Ontdek reggae se ritme

MELT VAN DER SPUY EN MELISSA TIGHY

AS JY nog nooit die onmiskenbare klanke van "No Woman No Cry" gehoor het nie, het jy heelwaarskynlik nog nooit die soet, salige klanke van oorspronklike reggae gehoor nie.

Dis hoogtyd dat jy 'n bietjie agtergrondkennis oor hierdie irie genre kry.

Die kenmerkende klanke van die baskitaar, styfgespande snare, drum en off-beat ritmiese kitaar wat reggae se unieke klank voortbring, se wortels lê in Jamaika. Dit is dan ook net van pas dat die land se bekendste gesig ook die voorvader van die reggae-scene is.

Jip: Bob Marley. Hy en sy bende van vier het die musiekwêreld op sy kop gedraai met hul onortodokse musiekstyl.

Die een ná die ander liedjie het die oorsese trefferparade se nommer-eenplekkie ingeneem – bo die gewone pop- en rock-groepe se treffers.

Reggae word verder opgedeel in ska en rocksteady wat meer prominent in vandag se hoofstroom-musiek gevind word. Musikante soos Eddy Grant en Peter Tosh is voorbeelde van die verskeie maniere waarop reggae se invloed vlam kon vat.

Op internasionale vlak het UB40 vir hulself groot naam gemaak en gou-gou die een treffer

ná die ander gehad. Hierdie unieke musiekgroep het al vir menige prettige aand met 'n glasie "Red, Red Wine" in die hand gesorg.

Moet egter nie dink dat reggae beperk was tot slegs die rooi, goud en groen nasie nie.

Dit het vinnig aanklank gevind by verskeie bekende kunstenaars. Eric Clapton se weergawe van "I Shot the Sheriff" het groot opspraak gemaak en het fans "but I did not shoot the deputy" laat saamsing.

Die Beatles se "Ob-la-di, ob-la-da" het ook daardie smooth reggae klanke in die hoofstroom musiekwêreld ingebring en selfs die prim-en-proper konserwatiewe pommies tot 'n dansende massa omvorm.

Reggae spreek tot die rasta in jou. Moet egter nie dink dat reggae by die grote Marley gestop het nie; dit is definitief lewendig en verskeie Suid-Afrikaanse bands het reggae-elemente in hul musiek. Dink net aan die smooth klanke van Lucky Dube, Tidal Waves, The Rudimentals en Hog Hoggidy Hog.

So volgende keer wanneer daai reggae-beat jou beetkry, gee jouself net oor. Irie.



Spesiale aanbod vir sportmal Maties!

Ons glo almal moet wen in 2010, daarom bied die Woordfees kaartjies vir die Rugbylegendes-dinee op 3 Maart in die Stellenbosse Stadsaal aan teen 'n spesiale afslag. In plaas van R250 vir 'n kaartjie, kan Maties tafels teen kosprys bespreek vir R200, omdat 2010 'n wen-jaar vir almal moet wees. Bespreek gou!



Rugbylegendes-dinee

(In samewerking met SuperSport) Luisterryke legendes in die ware sin van die woord! Ontmoet Springbok-ikone uit die goue era van Suid-Afrikaanse rugby. Man-tjies Roux, Schalk Burger, Hempies du Toit, Jan Boland Coetzee, Dawie de Villiers, Theuns Stofberg, Errol Tobias, Dawie Snyman, Rob Louw, AB Williams, Naas Botha, Breyton Paulse, Toks van der Linde se staaltjies sal sportliefhebbers nog lank bybly. Omroepers Hennie Pietersen en Jan Snyman lei die gesprekke. Die Mystic Trio, met Ollie Vijoer, Pietman Geldenhuys en Valiant Swart sorg vir lekker musiek saam met die heerlike ete. 'n Aand met wenners vir wenners – moet dit nie mis nie!



3 Maart 19:00 vir 19:30 • Stellenbosch Stadsaal • 150min • R250



Alice traipses across strange new terrain this year

Tim Burton in Wonderland

REEZA ODENDAAL

If you've read Lewis Carroll's novel, you're probably a regular daydreamer. If you've seen any of Tim Burton's movies, you'll probably know what I'm talking about. If you've seen the trailer of *Alice in Wonderland*, you probably won't be able to sleep for the next two weeks.

Charles Lutwidge Dodgson (more commonly known by his nom de plume Lewis Carroll) first published *Alice's Adventures in Wonderland* in 1865, followed by the sequel *Through the Looking Glass* in 1871. Dodgson was a mathematician, logician, Anglican deacon at Oxford and a photographer. Carroll, on the other hand, was an author.

Dodgson had a fascination with very young girls. He often photographed them, aiming to capture the "ultimate expression of innocence". As a result, many people regarded him as a peculiar character.

Alice's Adventures in Wonderland was written for Alice Liddell (aged 10) when Dodgson started writing. Dodgson and a fellow reverend went rowing near their home with Alice and her two sisters in the River Thames, England.

Dodgson started telling them a story to pass the time and Alice asked him to write it down for her. It took him two years to meet her request. He found inspiration in his surroundings; one example being the rabbit hole that was named after a stairwell in the cathedral.

There are more than 20 film adaptations of this famous book. The first was a silent movie in 1903. In 1983 an anime adaption was released, called *Fushigi no Kuni no Alice*. There are barely any artforms that have not been influenced by the book's mystical power.

The book can be regarded as either innocent or controversial. That, of course, depends on whether

you are a child or a cynic. It has been banned in China, for the simple reason that the animals talk.

A school in New Hampshire also banned it because of apparent sexual innuendos and the satirising of teachers and religious ceremonies. Keeping this controversy in mind, it is no surprise that director Tim Burton treats the famous story with his own original touch.

Tim Burton has established himself as a visionary filmmaker. The cinematic works he has directed range from insanely deranged tales like *Edward Scissorhands* to beautiful love stories like *Corpse Bride*.

His partner of the past nine years (and mother of two of his children), Helena Bonham

of *Fleet Street* (2007) and now *Alice in Wonderland*. Apart from being a film director, Burton is also a producer, artist and writer. Indeed, a truly eccentric idol.

Burton's parents raised him in a typical middle class family environment. He studied at the California Institute of Arts and later worked for The Disney Channel. His first break came when he directed *Frankenweenie*, which is now an extra feature on *The Nightmare Before Christmas* DVD.

When Burton brings a character to life on film, it's usually someone whimsical and mad; someone you will not meet in your everyday life. With Lewis Carroll's masterpiece, he does just that. *Alice in Wonderland* is set a decade after the events in Carroll's books.

Alice finds herself at a loss in her current situation, spots the famous White Rabbit, and decides to follow him again.

In *Wonderland* she meets old friends, enemies and frenemies as she embarks on a new adventure.

The movie has not even been released yet but is already shrouded in controversy. Criticism towards the film has focused not so much on the adaption (which combines *Alice's Adventures in Wonderland* and *Through the Looking Glass*) but rather on the business side of things.

There is a chance that some European countries will not even release this British film because Disney wants to release the DVD only three months after the movie's cinematic release.

Around Europe, cinemas are threatening not to show the movie, as a statement to the film industry, which will mean a tremendous loss for their own business.

Nonetheless, the show must go on as Burton teaches his audience how to dream again. In a time when there is such a strong focus on realism, Burton is a father to the oddball.

Audiences will have to wait until 5 March to witness the magic of Burton bringing new life to *Alice*.



Carter, has featured in many of his films, alongside Burton's favourite actor, Johnny Depp. This has proven to be a killer trio, if you ask any film fanatic.

His first film was *Frankenweenie* in 1984. This was followed by other memorable films like *Beetlejuice* (1988), *Batman* (1989), *Mars Attacks!* (1996), *Sleepy Hollow* (1999), *Big Fish* (2003), *Charlie and the Chocolate Factory* (2005) *Sweeney Todd: The Demon Barber*

Baljaar vanjaar by Woordfees

ANNEKE STEENKAMP

DAAR is 'n sekere fees wat almal aan die praat het en woorde wat smag na 'n doel terwyl al wat toeskouer is 'n kans wil kry om die bal te skop. Hierdie spel word in die vorm van letterkunde gevier by die Woordfees 2010. *Die Matie* het gaan ondersoek instel by Melt Myburgh, woordkunsprojekbestuurder: Woordfees, wat hierdie (bal)jaar se Woordfees se sukses sal verseker!

Waar kom Woordfees vandaan en hoe is jy betrokke?

Die US-Woordfees is vanjaar in sy elfde bestaansjaar. Die eerste Woordfees in 2000 het die vorm aangeneem van 'n "Nag van Passie" en daar was sowat 1 000 mense teenwoordig. Dit was die breinkind van prof Dorothea van Zyl op grond van haar ervaringe van soortgelyke geleenthede in Nederland. Die belangstelling was sedertdien oorweldigend en die fees het intussen gegroei tot 'n nasionale kunstefees met meer as 38 000 besoekers verlede jaar. Ek het verlede jaar as woordkunsprojekbestuurder by die Woordfeespan aangesluit ná twee en 'n half jaar as Meningsbestuurder by LitNet.

Daar is al gesê dat die Woordfees soos 'n klein KKNK is. Hoe voel julle daarvoor?

'n Mens moet dit seker as 'n kompliment beskou. Daar is darem 'n belangrike verskil: Ons Woordfeesgangers is ordentlike mense en hulle hou van skrywers!

Is daar 'n hoofteikengroep wat julle probeer bevredig, of probeer julle soveel moontlik mense insluit?

Ons probeer om in almal se behoeftes en smake te voorsien.

Watter vertonings kan nie gemis word nie?

Enigiets op die Skrywersprogram – jy weet, dis nie aldag dat 'n mens van aangesig tot aangesig kom met profete en poëte nie. Die wonderlike dramas wat Sanlam na die Woordfees bring, is altyd baie gewild onder studente.

Musiek liefhebbers se tone gaan krul van lekkerkry. By die Beyerskloof-Musiekmarathon tree Koos Kombuis en Hunter Kennedy vir die eerste keer saam op. Ook Zinkplaat en Tidal Waves, en vele ander. By die Klein Libertasteater span Jan Blohm en Chris Chameleon kragte saam. En moenie van Thieve, Die Heuwels Fantasties en Jack Parow vergeet nie!

Waarna sien jy die meeste uit?

Omdat ek verantwoordelik is vir die skrywersprogram op die Woordfees,

klop my hart pure donker sjokolade by enige aanbieding waar pennestoters betrokke is. Ek mag ook nie juis iemand uitsonder nie, want dan is al wat skrywer is kwaad vir my.

Vertel in diepte oor so 'n paar vertonings wat studente sal geniet.

Die SR het 'n hele aantal pretaktiwiteite wat in die aanloop tot die Woordfees aangebied word: Dinge soos die Ketelprys, SR-Kultuurraad, die Hacky Sack en die Maties Drum Café. Adam Tas se Taalsimposium oor meertaligheid op universiteitsvlak gaan beslis gesprek uitlok.

Behalwe vir die musiek en drama wat ek hierbo genoem het, is die Neelsie Geraas in die Gat altyd gewild onder studente.

Sportmalles kan dit gerus oorweeg om te gaan luister na legendariese figure wat deelneem aan die Woordfees met SuperSport-gesprekke. Naas Botha, Breyton Paulse, Mannetjies Roux en Hempies du Toit is maar enkele name wat hier uitstaan.

Insamewerking met die ATKV word die Universiteite-Debatkompetisie by die Woordfees aangebied. Maties kan gerus uitkyk vir Tukkie, Kovsies en Pukke wat verdwaald op die kampus rondrentel en baie praat – dit sal waarskynlik besoekende debatteerders wees.

Wat is die simboliese betekenis agter die tema "baljaar"?

2010 is natuurlik Suid-Afrika se sokkerbal-jaar. Dié woord omvat die idee van feestelike pret en plesier, iets waarin ons as Maties onverkieslik glo. Vanjaar se program bied ewelikwaar die geleentheid vir elke Matie om betrokke te raak. Waar daar in die verlede net gefokus is op die kulturele aspekte van die fees, word daar nou ook sportgesprekke en selfs 'n sokkerklynk aangebied.

Nog 'n hoogtepunt van die fees is die betrokkenheid van Nederlandse kunstenaars en hul belangstelling in die kuns en kultuur wat Suid-Afrika het om te bied. 'n Kans om vir Koos Kombuis en Hunter Kennedy saam op die verhoog te sien kan beslis nie gemis word nie. Nuwe Stemme word ook bekendgestel en hulde word gebring aan die Legendes van die Afrikaanse Letterkunde. Die week van 1 to 7 Maart is beslis die hoogtepunt van woord-liefhebbers se 2010.

Hierdie fees, onder die fyn beplanning van Van Zyl en haar span, sal verseker 'n week van verfrissende vernieuing in die lewens van studente en ondersteuners tot gevolg hê. Dit klink beslis of hierdie wedstryd goed beplan is, en die beker van kennis in die hande van die Maties en besoekers sal beland.

Beyerskloof kook tydens Woordfees!

Moenie die volgende misloop nie:



Koos & Kennedy

3 Maart 19:00 • Beyerskloof • 90min • R120

Klankdig

Met Danie Marais, The Orange Stiletos, Ronelda S Kamfer, Andries Bezuidenhout, Die Kaalkop Waarheid, Hanru Niemand, The Black Cat Bones en Jack Parow

4 Maart 19:00 • Beyerskloof • 90min • R120

Blues & Sisters

Met Anna Davel, Ollie Viljoen, Schalk Joubert, Lou-Ann Stone en Kevin Gibson

6 Maart 19:00 • Beyerskloof • 60min • R120

Zinkplaat & Tidal Waves

5 Maart 19:00 • Beyerskloof • 90min • R120

DieMatie stel voor jy maak 'n draai by die volgende:

- Die Francois Toerien Show 7 – BEE Compliant is op 1, 2 en 4 Maart by die Klein Libertasteater te siene.
- Stef Bos is op Maandag 1 Maart op Stellenrust te siene.
- Die Skrywersgala vind op Donderdag 4 Maart op Stellenrust plaas. Vanjaar se program spog met 'n verskeidenheid plaaslike en internasionale skrywers en digters soos Menno Wigman, Shimmer Chinodya, Philip de Vos en Annelie Botes.
- Evita Bezuidenhout voer 'n Koeksister vir Zuma op Dinsdag 2 Maart en Donderdag 4 Maart in die HB Thomteater op.
- Koos Kombuis en Hunter Kennedy span op Donderdag 3 Maart by Beyerskloof kragte saam in *Koos & Kennedy*.
- Tannie Evita se stoute sussie, Bambi Kellerman, sorg op Woensdag 3 Maart vir kabaret-vermaak in die Sanlam nagKAT-kuierplek.
- Willem Anker se nuutste toneelstuk, *Skrapnel*, is op Donderdag 4 Maart en Saterdag 6 Maart op die HB Thomteater se planke.
- *Oopmond*, die Woordfees se eerste *poetry slam*, vind op Donderdag 4 Maart in die Fismersaal plaas. Digters soos DJ Totterman (Andries Bezuidenhout), Ingrid Dronker (Ronel Nel) en NP van Lykskou (Danie Marais) is daar te siene.
- Donderdag 4 Maart is dit weer tyd vir die *Neelsie Geraas in die Gat*. Die geraas begin om 18:00 en toegang is gratis.
- *Blues & Sisters* met onder andere Anna Davel, Schalk Joubert en Lou-Ann Stone vind op Saterdag 6 Maart by Beyerskloof plaas.
- Die Libertaskoor en Anna Davel span op Sondag 7 Maart kragte saam vir die Koorfees-Gala-aand in die Endlersaal.

Die disco-ligte wink vir Gazelle

Die diktators van dansmusiek

MELINDI DE KOCK

Gazelle, 'n redelike jong musieksensasie op die Suid-Afrikaanse musiektooneel, bestaan uit Xander Ferreira en Nick Matthews. Dié groep – met hul unieke donker en misterieuse klanke – werk met 'n hele verskeidenheid talente om 'n eiesoortige *theatrical African musical act* te bied.

Hul klanke kan ook as Chic Afrique beskryf word, met 'n opvallende *retro-techno-pop*-element: dus is dit glad nie verbasend dat Gazelle, met so 'n diverse klank, internasionale gehore bekoor het nie.

Dit is duidelik dat dié groep 'n eerlike, sowel as satiriese, uitkyk het op jong Suid-Afrikaners wat in situasies van Afrikaner-wees gedompel is en wadoende hul eie nuwe kultuur moet skep.

Dit is herkenbaar in die bekende *tune* "Die Verlore Seun" wat in Suid-Afrika ietwat van 'n kultus-*hit* geword het en hulle byna oornag in 'n musieksensasie verander het met die lirieke: "Sorry Pappa, ek moes die plaas verlaat, want ek mis die disco-ligte te veel." *Frontman* Xander Ferreira het met *Die Matie* gesels.

Hoe sal jy 'n tipiese dag in die lewe van Gazelle beskryf?

Daar is glad nie iets soos 'n tipiese dag vir ons nie. Elke dag 'n ander *mission*, 'n ander idee of konsep om uit te voer. Ons word heeltemal te veel in verskillende stede wakker, op verskillende dae van die week.

Enige spesifieke tunes waarby

aanhangers aanklank sal vind?

Dit hang maar af waar in die wêreld jy is. Gemeenskappe soos Khayelitsha, waar ons dansgroep gebaseer is, *love* weer die *song* "Try". In Spanje het ons groot sukses gehad met die *song* "She Did Me In". En onlangs het ons "Golden Sun" op een van Skandinawië grootste *compilations* gekry.

Beskryf 'n bietjie jul musiekstyl?

Ons klasifiseer dit as Limpop: ons eie genre. Dis 'n *mix* van *contemporary* dansmusiek, Funk, Disco, Reggae, Dub en tradisionele Afrikaanse klanke. Ons vat maar *bits* en *pieces* van enige iets wat ons inspireer en leef dit uit in ons musiek.

Hoe lyk die toekoms vir Afrikaanse electro, asook vir Gazelle?


Ek dink dit klink blink. Wel, ongelukkig is die mark in Suid-Afrika net so groot, so dit help soms om 'n *crossover band* te hê wat nie net op een taal gerig is nie.

Maar ek dink daar is ongelooflike talent en ek is altyd *excited* om nuwe goed te hoor.

Ons is juis op soek na verskillende nuwe talente met ons *record label* Impala Records wat in Augustus in New York *launch* en rondom die begin van 2011 in Suid-Afrika sal wees.

As Gazelle nie musiek maak nie, waarmee is julle doenig?

Wel, dis 'n ongelooflike besige lewe, want ek stop nie by die musiek nie. Ek werk as fotograaf in die mode- en advertensiewêreld vir verskillende



WIE KRAAI KONING? Die Chic Afrique-musieksensasie Gazelle is vanaand by Aandklas te siene. Hierdie *gig* vorm deel van hul Kalahari Safari-toer wat op 20 Februarie begin het.

Foto: VERSKAF

tipies kliënte en het ook my kunsloupaan waar ek uistallings doen by verskillende galerye in die wêreld.

Ek laat nie regtig iets in my pad staan wat vir my sê ek doen dit of dat nie.

Ek is 'n kunstenaar en maak realiteit van enige idees wat ek het, maak nie saak watter *skill* ek moet gebruik of aanleer nie. Ons is tot besig met ons eerste groot *fashion collaboration* met 'n groep Inoue Brothers vir *Commes des Garçons* in Doverstraat,

Londen, Colette in Parys en Storm in Kopenhagen. 'n Paar van die bekendste *design-winkels* in die wêreld.

Waaroor handel Gazelle se lirieke?

Elke liedjie het 'n ander konsep. Sommige van hulle is maar net vir *fun*, gewoonlik met ondertone van stories en sommige het 'n baie belangrike, maar eenvoudige boodskap.

Ons glo daarin dat elke musikant of openbare figuur 'n verantwoorde-

likheid het om hul tyd vir iets positiefs te gebruik, om 'n *comment* te maak.

Het julle enige langtermyn doelwitte?

Eish, ons het so baie *missions* om af te *pull*. Ek dink julle moet maar net jul oë oophou.

Een van die projekte waaraan ons hard werk, is om 'n *school of the arts* te bou wat *free education* aan mense bied. Dis die belangrikste ding wat ons land nie het nie.

'n Flik wat spook

PETRUS MALHERBE

DIE RILLER is al holrug gery in die Hollywood-oeuvre met die gevolg dat die alledaagse kyker min hoop oor het vir wat as die volgende "scariest movie ever" bestempel word. Tog is angs 'n relatiewe begrip wanneer daar na sogenaamde *scary movies* gekyk word. So gebeur dit dat jou naels miskien die armlensing deurboor terwyl ons arme heldin deur 'n onsigbare mag die boendes ingeruk word, maar jou buurman gaap en grawe die laaste paar springmielies uit sy boksie, net om te ontdek daar is net pitte oor.

Paranormal Activity gooi desnoods hierdie, en moontlik enige ander, voorwendsel van sy genre by die venster uit. Met hierdie film, wat vir 'n skamele \$15 000 gemaak is, word die fokus gelos op eenvoud en 'n minimalistiese aanslag. Geskiet as 'n pseudo-dokumentêr wat die realisme van die *based on a true story*-aantygings tot die uiterste beproef, behoort *Paranormal Activity* meer tot die sub-genre van "found footage," soos *The Blair Witch Project* en selfs die onlangse *Cloverfield*. Nie dat hierdie films werklik vergelykbaar is nie. Hierdie keer is die storie die toonbeeld van eenvoud en geen werklike karakterontwikkeling of plot word vooropgestel nie.

Katie en Micah is jou alledaagse paartjie wat in 'n spoggerige middeklushuis in San Diego, Amerika woon. Die hele film word gesien deur die lens van 'n amateurkamera wat Micah gekoop het om die bonatuurlike aktiwiteit, wat hy en Katie vermoed in hul huis aangaan, vas te vang. Die kyker word dus só gedwing om slegs te sien wat die kamera sien.

Met die subtiliteit van 'n klassieke Hitchcock-rolprent begin die spook saans letterlik te dans wanneer die kamera op 'n podium gelos word terwyl Katie en Micah slaap. Stadig kom die bewyse van hul vermoede na vore en soos die prent verloop, kan die kyker nie meer uitsien na wat die volgende nag in hul slaapkamer gaan gebeur nie!

Maar wees voorbereid om te skree, te gil en te weergalm. Maar skrik sál jy! Vir deure wat klap, vir swaaiende kandelare, vir bewegende objekte en, bowenal, oor die angs van die geluide in die doodstil nag. Gerugte doen in Hollywood die rondte dat die vervaardigers jare lank gespoek het (verskoon die woordspel) om die film vrygestel te kry. Totdat die befaamde Steven Spielberg homself alleen in sy huis bevind het met 'n kopie van dié film. Hy word toe so erg daardeur ontsenu dat hy daar en dan besluit dat dit vir die publiek gewys moet word.

Daar was vir Spielberg egter net een probleem met die film: die einde. Dit is min dat films weke, selfs maande nadat dit voltooi is, weer begin skiet, maar met 'n voorstel van Spielberg self, kon die vervaardigers nie nee sê nie. En drie probeerslae later, kan 'n persoon geregtig wees daarop om te sê dat die huidige einde(s) van *Paranormal Activity* van die mees ontstellende oomblikke in die rolprentgeskiedenis is.

Hierdie film is gemaak vir die YouTube- en Facebook-generasie. En dít ten spyte van die feit dat dit die tipiese vereistes van die springmielieprent skort. Hierdie film is weer effektief op 'n heel ander vlak: dit maak slapelose nagte feitlik 'n gegewe. En hoeveel films kan dit vandag werklik regkry?

Zefside gaan die wêreld oor

NIEL DE LA ROUVIERE

DIE ANTWOORD, seker die enigste groep ter wêreld wat hulself 'n *zef rap-rave crew* kan noem, het tans duisende nuwe aanhangers verwerf nadat hulle – soos Ninja dit stel – op die "interwebs" roem verwerf het: Van blogs en Youtube tot Facebook en Twitter is almal aan die gons oor dié unieke musikante.

Die Antwoord, wat uit Ninja (Waddy Jones), DJ Hi-tek en Yo-Landi Vi\$\$er bestaan, is al 'n geruime tyd in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf. Hul bekende vorige inkarnasies sluit onder andere Max Normal in. Die Antwoord is in 2009 gevorm en is redelik goed tuis ontvang, veral met hul rou lirieke en "next level beats".

Jack Parow – nog 'n gewilde zef-rapper – het saam met Die Antwoord *kommon kief* gemaak: "Zef is Fresh".

Begin Februarie het die bekende *website*, Boing Boing, Die Antwoord se Youtube-video, "ZefSide", op hul voorblad gesit.

Van daar af was dit soos 'n tsunami in 'n kinderswembad: Die Antwoord was orals. Blogs en gewilde *websites* het hierdie anderste musiek met hul lesers gedeel.

Tot Katy Perry en Fred Durst (van Limp Bizkit-faam) het op Twitter gesê dat hulle ingenome is met Die Antwoord se zef rap. "Enter the Ninja", een van Die Antwoord se ander musiekvideo's, het tans net oor die een miljoen *views*. Hul Facebook *fan page* het tans amper 36 500 aanhangers en dit groei teen amper 1 000

fans per dag.

Die internasionaal-bekende *website*, Pitchfork.com, skryf Die Antwoord se roem toe aan hul sterk gebruik van Afrikaans en *slang*, maar ook hul *synth*-oorlaaide *beats* wat gemeng word met die unieke karakters van Ninja en Yo-Landi Vi\$\$er.

"Zef Side", wat geneem is in 'n kwasi-dokumentêre styl, is snaaks, *weird* en regtig *catchy*.

Met 'n hele paar treffers soos "Enter the Ninja", "Doosdrunk" en "Wat Pomp Julle" beloof hul *live shows* om 'n saamsing, zef, sweterige affêre te wees. Die Antwoord is op pad om internasionale sterre te word. Hulle beplan reeds 'n wêreldtoer in April.

So, as hulle nog in Suid-Afrika 'n *gig* doen, gaan en tsjek hulle uit, want binnekort is zef op almal se lippe.

Woordfees

Adam Tas se Taalsimposium by die Woordfees

Die Adam Tas Studentevereniging, met die leuse "Transformasie met Afrikaans", hou op 2 Maart 2010 'n Taalsimposium in die Sanlamsaal in die Neelsie Studentesentrum as deel van die US Woordfees. Die tema van die simposium is "Afrikaans en meertaligheid op universiteitsvlak".

Die sprekers vir die aand sluit in prof Nico Koopman (US Dekaan: Fakulteit Teologie), prof. Anton van Niekerk (US dosent: Departement Filosofie) en prof. Marlene Verhoef (vanaf Noordwes Universiteit se Potchefstroomkampus en 'n spesialis op die gebied van tolkdienste), mnr. Christo van der Rheede (SBA voorsitter) en mnr. Marius Swart (US dosent: Departement Afrikaans en Nederlands en spesialis op die gebied van Afrikaans en meertaligheid).

Die tyd van die funksie is 18:00 vir 18:30 en daar sal ook gratis wyn en verversings wees.

Bespreek by Computicket (083 915 8000), Oude Libertas Amfiteater (021 809 7473) of besoek woordfees.co.za.

New sounds in 2010 | Nuwe klanke vir 2010

Die Chenin Blancs

Hierdie band bestaan uit Jacques Barnard (kitaar en lead vocals), Paul Malherbe (kitaar) en Naudé Avenant (jembí en bongodromme). Hulle word elke nou en dan deur Christiaan van der Merwe op die baskitaar en Walter Curlweis op die blokfluit bygestaan.

Hul musiek is 'n mengelmoes van *folky*, *African*, *kwêla*, *blues*-klanke of – soos Paul dit stel – “Eddie Vedder meets Flogging Molly meets Mango Groove meets Eric Clapton unplugged”. Hulle speel meestal *improv*-styl *covers* maar ook van Jacques se eie liedjies.



Die Chenin Blancs

The Queen & Us

This band of youngsters – consisting of Adriaan Jan Bernardus Zeelie (electric guitar and lead vocals), Jaco Mostert (drums), Gavin Peter Lee (bass) and Marco Prins (lead guitar) – conjures up a rich blend of melodic indie, rock 'n roll and blues. Anyone interested in their music can check out the demos on their Facebook fan page. They are also planning a gig in Stellenbosch in the near future, not to mention an EP and music video.

Soul Picnic

The sound of this three-piece band – Christoff Beukes on guitar, MJ Oosthuizen on drums and Neil Ferreira on bass – has been compared to that of Creedance Clearwater Revival, Live, REM, Stereophonics & Kings of Leon. If this sounds like your kind of music, be sure to catch them and The Gods at Aandklas on 6 March.



Die Gunstons

Youth

Stephan-Wessel Swart (lead vocals and guitar), Chris von Wielligh (lead guitar and occasionally guitar), Dylan Jeffreys (drums) and De Vos Meaker (bass) hail from Paarl and describe their sound as indie-pop-rock of sorts. Their musical influences include aKing, New Holland, Thieve, Kings of Leon and a bit of John Mayer. They recently performed at the Raka Unplugged Musicfest in Swellendam and are set to perform at Die Mystic Boer on 13 March and at Hidden Cellar on 23 April.

Will Mono

Some of you may be more familiar with the single “Seks vir Plesier” – the music video of which went all the way to the third slot on the MK Top Ten Music Video Charts – by Will Mono and Jan Joknie. The former, however, is an artist in his own right and creates music with a Korg Synthesizer and a Fender Precision Bass and collaborates with other artists by adding his voice to their music.

His “catchy electro pop” is influenced by the likes of Chormeo, Justice, Boyz Noize, MSTRKRFT, Groove Armada, Cut Copy, George Michael, Peter Gabriel, Depeche Mode and Duran Duran. Fans can look forward to a huge collaboration with a major local artist in April.



Die Einstes

downonthefirst

This post-grunge, alternative rock band consists of Trucker on vocals and rhythm guitar, Wayne Schell on lead guitar, Wouter Burger on bass guitar and Schalk van der Merwe on drums. They draw from a diverse range of influences such as country and metal and they are currently in the process of “eating Chinese takeaways for the month in hope of creating an awesome Chinese-sounding song”. These guys have huge plans for 2010: they will start recording their first album at Bellville Studios in March under the watchful eye of up-and-coming producer Charlie Murder.



downonthefirst

Die Gunstons

Johan Rossouw (vocals), George Cooper (kitaar), Wian Steyn (baskitaar) en Christiaan Rossouw (perkussie) sorg vir rowwe, baldadige *rock 'n roll*-klanke in die styl van Black Rebel Motorcycle Club en Gallows. Hulle beplan om in die nabye toekoms 'n EP en *music video* vry te stel en gaan op 2 April in Hidden Cellar optree.

Cavalry Calls

Dries de Kock (kitaarspeler), Eduan Joubert (slaginstrument- en klavierspeler) en Jaen-Pierre Dowling (baskitaar- en klavierspeler) beskryf hul musiek as “catchy pop shop, chocolate drop, happy clappy love rock”. Hierdie trio se planne vir 2010 sluit 'n musiekvideo, 'n album (met 'n paar *collabs* deur bekendes) en 'n mini-toertjie in. As jy van musiek hou wat jou laat terugdink aan jou eerste soen, is Cavalry Calls die band vir jou.



Cavalry Calls

ESP

This jazz band is characterised by a distinct Cape fusion style of such diverse sounds as ghoema, pop and funk elements.

The members of ESP – Ramon Alexander (keys, musical director), Lou-Ann Stone (saxophone), Heinie Jack (Bass), Simangele Mashazi (Vocals), Neville Arnolds (drums), Dustin Julius (guitar), Ricardo de Ruiter (Vocals) – all bring a different musical and cultural inflection to the band's style.

This proudly South African band is currently working on their debut album. They plan to launch this debut album at the Artscape National Youth Jazz Festival on 18 June. They will also be performing at The Lucky Store on Friday 19 March at 19:00.

Face of Change

Corné Alant (vocals en kitaar), Okkie Momberg (hoofkitaar), Marthinus van Wyk (baskitaar) en Gideon Raath (perkussie) is studente aan die Universiteit van Johannesburg. Hul musiek kan as *alternative rock* beskryf word en hul lirieke handel baie oor vriende, liefde en ons daaglikse lewens. Hulle het sopas hul nuutste album klaar opgeneem en beplan 'n landwyde *launch*-toer.

Back to Vinyl

Michelle Roux (vocals), Westin Geldenhuys (guitar), Morné Kleyn (drums) and Nozome Brink (bass) draw their musical influences from the likes of Led Zeppelin, Black Sabbath and The Beatles to create a hybrid of old school and modern rock.

They will be kicking out some hot tunes at Hidden Cellar on 5 March and fans can expect a new EP in the near future.

Manouche

Bernard Kotze (lead guitar), Renee Stander (violin), Thomas Hugo (rhythm guitar), Lize Dekker (accordion) and Martijn van der Merwe (cajon) play gypsy jazz, a style which was pioneered by Django Reinhardt in the 1930s.

They play a combination of jazz classics and original compositions. Their covers include songs by Django Reinhardt, Edith Piaf and George Gershwin. Birelli Lagrene and Stephane Grapelli are amongst their favourite artists.



Teater uit die boonste rakke!
Moenie die Woordfees se Sanlam Dramafees misloop nie.
Hier is enkele hoogtepunte:

Die Francois Toerien Show 7 – BEE compliant

Regisseur: Juanita Swanepoel
Met Francois Toerien, Esther von Waltsleben, Martelize Kolver, Altan Ungerer en Brendan Daniels
1 Maart 18:00 2 Maart 20:15 4 Maart 20:15 • Klein Libertas Teater • 70min • R90 • Geen O/14 (T)

Suurgat II

Deur en met Leon Kruger
1 Maart 20:15 6 Maart 19:00 • Klein Libertas Teater • 70min • R80 • Geen O/10

Daan de Wet hou sy oog op die bal

Deur Gaerin Hauptfleisch
Met Jan-Hendrik Opperman en Gaerin Hauptfleisch
2 Maart 18:00 6 Maart 13:00 • Klein Libertas Teater • 65min • R80

Dowwe Dolla: Geskud, nie gepluk nie

Met Margit Meyer-Rödenbeck, onder regie van Hennie van Greunen
3 Maart 20:30 6 Maart 20:15 • Japie Krige-saal • 70 min • R80 • Geen O/14 (T)



Electro-rap duo SWEAT.X will be doing their thing at the Mystic Boer tonight. The music starts at 21:00

Gazelle tree môre-aand om 20:00 by Aandklas op Kaartjies kos R30.

Mr Cat and the Jackal can be seen at Bohemia on Thursday 25 February.

They will be supported by The Black Cat Bones. Admission is, as always, free.

RAMfest vind vanjaar vanaf Vrydag 26 Februarie tot Sondag 28 Februarie by die Nekkies-vakansieoord naby Worcester plaas.

Bekende kunstenaars en bands wat gaan optree, sluit Pendulum, Tidal Waves, Lark, Jack Parow, Taxi Violence, Fokopolisiekar en BOO! in.

Daar is ook metal- en electro-verhoë.

Internationally acclaimed double bass virtuoso Leon Bosch will perform with the Stellenbosch University Symphony Orchestra in the Endler Hall on Saturday 27 February. They will be performing Bruckner's Symphony nr 4 and Rossini's William Tell Overture to name but a few. The show starts at 19:00. Tickets cost R75 and R95.

Die Heuwels Fantasties, Jack Parow, Tidal Waves en Thieve is Woensdag 3 Maart om 19:00 by Klein Libertas. Kaartjies kos R50.

Captain Stu will be kicking out the jams in Bohemia at 21:00 on Thursday 4 March. Entrance is mahala.

Angela Kilian and Robert Finlayson take centre stage in *Musicals Unplugged* at the Theatre on the Bay. The show runs until Saturday 6 March. Tickets at Computicket.

GAZELLE

IN DIE 4 MAART

Tyd: VANAF 18:00
 Toegang: GRATIS



Karin Zoid

die heuwels fantasties met Jack Parow

new holland



Woordfees



verskeidenheid van 18 koswinkels
 alkohol sal nie aan persone onder 18 jaar
 verkoop word nie

www.neelsie.co.za - sentrumbestuur 021 808 3583

redaksioneel

Waar is die samewerking?

Die verlede week bekend geword dat die vennootskap tussen die Universiteit Stellenbosch (US) en Hugenote Kollege deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding afgekeur is. Hierdie vennootskap sou toelaat dat US-programme by die kollege gevolg kon word, wat meer studente toegang sou bied tot hoër onderwys.

Dit wil voorkom of hierdie afkeuring teenstrydig is met die onderwysdepartement se doelwitte. Minister Blade Nzimande het by die inhuldiging van die kanselier, dr Johan Rupert, in sy toespraak genoem dat daar saamgewerk moet word om nuwe maniere te vind om toegang (tot universiteite), gelykheid en sukses op 'n betekenisvolle manier aan te pak.

Daar word gesê maniere moet gevind word om toegang tot universiteite te verbreed, maar kom dit by die "doen"-gedeelte

om daad by die woord te voeg, word dit afgekeur.

Dit raak egter nie net die bestuur van die onderskeie onderwysinstansies nie. Hulle is wel die mense wat hulle teleurstelling kan uitspreek vir almal om te hoor.

Maar wat van die studente wat hierdeur geraak word? Wat nie hul teleurstelling/menings kan laat hoor soos dit hulle pas nie. Hierdie studente (eintlik alle studente) word net rondgestoot deur die "leiers" van ons samelewing wat na onderwys sake moet omsien.

Die besluite wat "daar bo" geneem word, kan 'n student wat op grondvlak beweeg se lewe en "onderwyspaadjie" ingrypend verander.

Kyk nou wat gebeur met die studente wat ingeskryf het om via die kollege 'n US-program te volg. Hul paadjie vorentoe lyk

skielik donker en onseker.

Hulle is dalk wel vooraf ingelig dat die akkreditasie moontlik nie goedgekeur sal word nie, maar daar was redelike verwagtinge dat dit suksesvol sou wees. Nou het ons uitgevind die aansoek tot akkreditasie was onsuksesvol. Wat nou?

Hierdie studente mag dalk in 2010 met hul studies voortgaan, maar wat gebeur daarna? Volgens die US se persverstelling sal hierdie studente deur die loop van 2010 ingelig word oor moontlike opsies om voort te gaan met hulle studies.

Hoe regverdig is hierdie proses teenoor só 'n student? Om te hoor jy mag studeer, maar jou kursus gaan dalk nie meer bestaan of voortgaan ná jou eerste studiejaar nie. Hulle het geweet daar is onsekerheid oor hul program, maar nou moet hulle boet vir die teenstrydige optredes van onderwys-leiers.

BRIEWE LETTERS



Take a page out of my book...

I am directing this letter to *Die Matie* in the hope that the university's dim-witted first years will read it and actually learn something.

I'm a second year student who is repeating a few first year modules. One thing I've particularly noticed is the absolute insolence of first years when it comes to wasting paper by printing notes and slides from WebCT.

I've seen one too many A4 folios wasted by just having a handful of dubious words printed on them, for instance, "Lecture 3" spread out 29cm by 21cm.

I would seriously like to know if having the title in font size 72 is honestly worth wasting such a threatened precious commodity as trees!

If you are so stupid as to require a full page to convey that information, you do not deserve to be at university.

Yet it isn't only the students who are guilty. In the past week a certain department situated in the Wilcocks building handed out a booklet containing information on how to write an essay.

This biblical account of referencing could have been reduced to a third of its size – thereby also minimalising its material and production costs – while still containing all the necessary information.

As a conscientious student with a responsible attitude towards our environment, I find such insolent behaviour totally unacceptable. Even punishable.

My questions are these: Firstly, why doesn't the first year orientation and training include instruction on how to print multiple pages/slides per sheet?

Secondly, when are the RGA's acquiring printers which can print double-sidedly?

Thirdly, shouldn't there be a policy in place that enforces departments to save paper by printing only the necessary information, and this double-sidedly? There should be means of holding departments accountable for their ecological responsibility. I have a mind to take up the issue with the SRC and university management.

It is only by becoming aware of such issues, which others perceive as insignificant, that we will start leading responsible lives and save our planet.

– SINCERELY,
MR WOODSTOCK

Hou op judge

Noudat klasse weer begin het en 'n klomp nuwe dosente op ons toesak, wonder ek hoe die plaasmeisie voor my in die klas gaan survive.

Sy is net mooi niks gewoond nie en dit lyk of Oom Koos, haar pa, haar meer koek as maniere gevoer het – as jy verstaan wat ek bedoel...

Een van my dosente is aan die gay kant. Hy is flambojant en geniet die vak wat hy aanbied terdeë. Maar Susan, die meisie voor my met die huge maag, het klaarblyklik nog nie 'n flambojante man op Rond-om-skrik gesien nie.

Meisie, word groot. Jy sit Sondae in die kerk, maar Maandae sit jy en jou kleutermaatjies en judge! Aanvaar mense vir wie en wat hulle is. Besides, ek

as gay man moet jou maag judge, maar ek sal my opinie weerhou.

Weens politieke redes wil ek nie my graadkursus openbaar nie. Maar jy, meisie, behoort te weet wie jy is!

– MJ

Behandel vrouestudente soos volwassenes

As opgewonde eerstejaarstudent het ek ('n paar jaar gelede) my vriende by die huis trots vertel dat hierdie kampus se koshuise glad nie so verkrampt soos hulle s'n is nie.

Inkoomtye is lankal afgeskaf en niemand kyk jou meer snaaks aan as jy op vreemde tye deur die voordeur stap nie.

Groot was my teleurstelling dus toe ek uitvind dat my koshuis – en moontlik ander vrouekoshuise op kampus – glad nie so verlig is soos ek gedink het nie.

Mans moet nie bloot lank voor middernag al uit die koshuis uit wees nie; hulle mag glad nie op weksaande na die boonste verdiepings (en dus die vroue se kamers) gaan nie!

En sodra die eksamen nader kom, mag geen mans verder as die stoep beweeg nie. Regtig, mense, julle hoef my nie teen myself te beskerm nie. As ek nie geweet het hoe om tyd te maak om te leer nie, sou ek nie nou al meer as twee jaar hier oorleef het nie.

Kom 'n bietjie by en behandel vrouestudente aan die US soos volwassenes. Waarom mag ek enige tyd van die dag of nag in 'n manskoshuis kom, maar word ek nie genoeg vertrou om my tyd in my eie leef-omgewing self te bestuur nie?

– NIE MEER OP HOËRSKOOI NIE

Briewe mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan briewe@diematie.sun.ac.za gestuur word. Skrywers se regte name moet alle briewe vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskrewe briewe sal geplaas word nie.

Letters should not be longer than 400 words and must be sent to briewe@diematie.sun.ac.za by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.



BEGGARS LEFT BEGGING With a new SRC initiative to discourage students from giving money to beggars, beggars will have to find alternative ways to get by.

HOOFREDAKSIE

HOOFREDAKTEUR Annelize Kloppers (redakteur@diematie.sun.ac.za)
ADJUNKREDAKTEURS Marietjie Vos (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za)
 Marieltha Brits (bedryf@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Anthea Hartzenberg (nuus@diematie.sun.ac.za)
AKTUEEL Anika Marais (aktueel@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Robert Kaden (dn@diematie.sun.ac.za)
STUDENTELEWE Joey Volschenk (sl@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Mia Smit (sport@diematie.sun.ac.za)
TEKS Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Johann Swart (foto@diematie.sun.ac.za)
ADVERTENSIES Vakant (ads@diematie.sun.ac.za)
REKENAAR Simon de la Rouviere (if@diematie.sun.ac.za)

MEDEWERKERS

KWYTRAAK Deonette Theart (kwytraak@diematie.sun.ac.za) **EARL DE TOILETTE** Philip de Beer (earl@diematie.sun.ac.za) **MANEWALES** Amori Stols (manewales@diematie.sun.ac.za) **SPOTPRENT** Vakant (spotprent@diematie.sun.ac.za) **ADDITIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu **TEKS** Lizl Morden en Madelè du Plessis

STEL JY BELANG?

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak, woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste vloer van die Neelsie.

TEL 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** diematie@diematie.sun.ac.za
POSADRES Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
WEBADRES www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
VOLGENDE UITGAWE 10 Maart 2010 **SPERDATUM** 3 Maart 2010
ADVERTENSIES 084 858 9902

KLAGTEPROSEDURE EN FOURRAPPORTERING

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op 'n ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gelê word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klagtes moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae ná publikasie aanhangig gemaak word.

Die Matie subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.



Perspektiewe & dinge

Tradition is homeless – spare some copper and join the revolution

EARL DE TOILETTE

You have just dove into a crystalline pool of all but too refreshingly cool water, and as your breath runs out and the cold seems to consume you, you burst through the surface gloriously, and breathe in – but wait, all is not as it seems. The ambience is different, the sky has a slightly purple haze to it, and the cadence of the world seems slightly out of step. This is because you have just entered the parallel dimension of the Lurking Earl. Welcome...

And you open the door and step inside. We're inside our hearts. Now imagine your pain as a white ball of healing light. That's right – your pain is a white ball of healing light.

I don't think so. This is your life. Good to the last drop. Doesn't get any better than this. This is your life. And it's ending one minute at a time.

Wise words indeed. At least considering they come from a fictional paranoid-schizophrenic (Tyler Durden) from the mind of the great Chuck Palanuck. Why has the Earl chosen to share this with you today? Because, friends, it's time to get serious. The rabid dogs are barking at the door, clothed in sheepskin and wearing smiles.

Where to start? Ah, yes, the pigs. A little bluebird recently whispered into the Earl's ear that the fascist pigs in charge of law enforcement have decided to crack down on drunk driving. The brazen audacity of these people never ceases to astound me – don't they have more

important issues to deal with? The out of control litter problem or the deadly car-wielding senior citizens on our roads seem to get no attention from the very people whose job it is to stop these atrocities.

Instead, they focus on weak, young little students and spend inordinate amounts of time and resources on big-brothering our roads' finest talents. It is guaranteed in the Constitution that I have the inalienable right to get completely tropical and drive myself home (which subsection I forget), and it's not like I'm endangering anybody's lives, so what's all the fuss about? The Earl feels that instead, locking away first-rate drunk citizens at the peak of their drunk-driving ability is just another way of gathering revenue for the state so that Julius can buy himself another R250 000 wristwatch – it's not like it's about our safety or security here, so what's the harm in a little inebriated engine-revving between friends?

While on the subject of booze glorious booze (pardon the Oliver's twist), yet another debacle has been brought to the Earl's sometimes hazy attention. Tax evasion. Again, the administration has turned against us ladies and gentlemen, and the good men and women that lubricate our campus were faced with the Man yet again. If you live in a residence, you may have noticed that your pub/club/brothel/other has been shut down until last week, and since dear old Pravin has left SARS for greener pastures, a new and more aggressive force has shaken the foundation of our country's revenue service.

So, overlooking the fraudsters, the money launderers and normal tax-evading scene, they decided, "I know, let's get the students." Because we clearly have the deepest pockets. Or so the university seemed to think as they decided to

suspend all the residences' liquor licences until they add VAT, work through their HK cost points and write up every single individual drink sold every night. The Earl knows this is a lot of admin, but hey – there could be hundreds, even two-hundreds of rands at stake!

Just one more step in Pieter Kloppers's master-plan to turn studentebuisings on campus into a strange and disjointed version of house arrest. Bureaucracy is a very good thing. But your friendly neighbourhood Earl knows all about too much of a good thing... It is the kind of thing, for example, that makes mincemeat of valuable traditions and practices that are the priceless stitching preventing our social fabric from running; and it is the kind of thing that results in twenty-odd students arriving bright-eyed and naïve on our campus only to be told that they are a) allocated to PSO residence, and b) homeless. Well done, Mr Kloppers, kudos. In the Earl's humble opinion this bespectacled poster-boy of incompetency should be drawn, quartered and fed to the snoek (for as everyone knows, they are the chicken of the sea). But more on this 600g T-Bone steak of controversy next time – do drop by again, it is not to be missed.

For now, take another breath, dip back in, and get out. And while you dry yourself off, consider the second instalment from our friend Tyler:

Only after disaster can we be resurrected. It's only after you've lost everything that you're free to do anything.

This is your life. Doesn't get any better than this. This is your life, and it's ending one minute at a time.

Welcome to Fight Club. If this is your first night, you have to fight.

Selah.

Die ewig-hartseer verhaal van die verdwaalde alfaman



MANEWALES

Ek is in die kombuis!" skree hy wanneer ek by die huis inkom.

"Dit ruik lekker, wat eet ons?" vra ek terwyl die geur van uie wat braai my oorweldig. Dit is beslis my weergawe van hemel.

"Waar is jy nou?"

Ek moes net gou 'n pit stop maak; daar is niks fout met my nie. Die dokter sê ek het 'n baie klein blaas. In die kleedkamer oorweldig 'n ander geur my. Dalk is ek net dom, maar ek verstaan werklik nie hoe 'n man met 'n graad nou nog nie die eenvoudige aksie van spoel en laat sak kan uitvoer nie? Word hulle so gebore? Is daar net eenvoudige niks wat hulle daaraan kan doen nie? Het sy ma nie genoeg tyd aan potty training gespandeer nie? Metro of Homo, dit is 'n universele probleem: Ek dink vroue in die Soedan of Frankryk het al oor hierdie natuurverskynsel gewonder.

"Die kos gaan koud word. Is jy al weer besig om te piepie? Jy weet, jy spandeer die meeste van jou dag in 'n badkamer. Praat van tydmoers."

"Wel, as jy dalk basiese higiëne kan toepas en die toilet flush, sal ek nie so lank moet wag vir die bak om vol te loop nie." 'n Maand se frustrasie borrel op en ek hoor hoe my stem 'n

desibel harder raak en 'n halftoon opgaan. Ek klink soos my ma. Nee!

"Jammer, ek was haastig." Hy is altyd haastig. Ek begin wonder of sy liggaam nie die motoriese vermoë besit om die sitplek te laat sak nie. Dis as of hy dit wil doen – sy brein sê ja, maar die spiere in sy arms en hande protesteer. My ma was reg, jy kan nie 'n man verander nie. As hy nou sy klere op die badkamervloer los en te min petrol ingooi, gaan hy dit altyd doen. Al uitweg is om vrede te maak en myself jare se terapie te spaar.

"Jy vra nie eens hoe my dag was nie." Om die vrede vir een aand te bewaar, speel ek saam.

"Die kos lyk verruklik. Hoe was jou dag?" My sesde sintuig voorspel dat hy my oor die een of ander ongeregtheid gaan vertel wat hom op die sokkerveld oorgekom het.

"Wel, Mnr X het al weer nie vir my die bal gepass nie." Daar is kinders wat in Etiopië van die honger doodgaan, maar hy is ontsteld oor 'n bal. Tipies man.

Mnr X is die alfaman in sy vriendekring en is natuurlik ook die beste speler in sy sokkerspan. Ek is mal oor my ou, maar hy het nie ball sense nie. Die term "alfaman" is oorspronklik gebruik toe 'n wetenskaplike die voortplanting van sekere dierspesies bestudeer het. Dit is veral bekend onder diere wat in 'n trop woon, soos wolwe. Die trop het 'n alfamannetjie wat eerste met al die wyfies mag paar. Die alfamannetjie kan net ontroon word indien 'n betamannetjie hom uitdaag tot 'n geveg tot die dood. By

mense is die fenomeen baie meer kompleks en om alfastatus te kry moet jy die ander mans in jou groep nie net op die fisiese terrein domineer nie, maar ook 'n slag hê met vroue.

"Hy piss my so af, hy moet dit altyd doen en toe na die game, toe moes iemand die balle huis toe vat. Jy weet daai 'iemand' is altyd ek en dis nie reg nie. Toe vra ek of hy dit nie sal doen nie. Raai wat sê hy toe vir my?"

"Wat?" is al wat duidelik uitgekome het aangesien my mond vol kos was.

"Hy sê toe nee, ek kan dit doen. Weet jy wat doen hy toe?"

"Wat?" sê ek en sien hoe 'n stukkie kos deur die lug skiet en op sy wang land.

"Hy loop toe wragtig net weg. Kan jy dit glo? Hy loop net." Daar volg 'n lang stilte waartydens ek my kos probeer afsluk. Die indruk wat ek egter met my gesigsuitdrukking probeer skep is dat ek geskok is en dit probeer verwerk. Toe kom ek agter die kap van die byl. Hy spoel nie die toilet nie omdat hy érens die alfa en omega moet wees, al is dit in die sanitêre veld. Érens moet hy sy merk maak, sy gebied afbaken sodat almal kan weet hy was daar.

"Is jy klaar?" sê hy en vat my bord om dit te was. Soos hy opstaan sien ek hy het sy voorskoot aan. 'n Man in 'n voorskoot wat besig is om skottelgoed te was, doen dinge aan my. Ek voel meteens soos 'n soufflé.

"Was gou klaar: ek het nagereg gebring," fluister ek in sy oor. Elke wolf kry sy dag.

GORRELKOP

WIE HET DIE HOUDING?

GORREL was erg ontsteld nadat Gorrel verlede week 'n papierbootjie uit een van Gorrel se biblioteekboeke moes vou om oor die bib se weergawe van die Victoriameer te reis. Daar was selfs 'n waterval en alles.

Dit is egter nie net die sub-Rooiplein wat deesdae met duiktoerusting benader moet word nie; groot dele van kampus is gedurig onder water as gevolg van spreiers wat verkeerd funksioneer.

– Gorrel vind dit vreemd dat koshuise en studenteorganisasies groot pogings aanwend om groen te leef terwyl die universiteit blykbaar nie veel aan gebrekkige instandhouding doen nie.

MOLASSESHÉR

GORREL verneem van een van Gorrel se respektabele vroulike maatjies dat sekere manskoshuis-groepe tydens die afgelope Molassesêr-uitdunne minder dan nugter was.

Toeskouers kon blykbaar die cane en cream soda tot op die boonste balkonne ruik. Dit is vir Gorrel onduidelik waar die verwarring ingesluit het: die "molasse" in die naam verwys sekerlik na soete sang, en nie na die soete vrugte van die wingerd nie...

– Gorrel se maatjie vermoed dat die alkohol so oormatig ingespan is om te vergoed vir die feit dat hierdie gekuierde groepe beslis nie meer as een-en-n-halfwe oefening gehad het nie.

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampuspolitiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

SUIF NET OP!

DIT KLING dalk nou asof Gorrel oor nietigheid hare kloof, maar in Gorrel se jare op kampus was daar nog min dinge wat Gorrel só geïrriteer het soos mense wat nie hul verstand gebruik as dit by klaskameretiket kom nie.

As jy deur 'n lang bank vol sitplekke gekonfronteer word en jy is redelik betyds vir die klas, skuif om hemelsnaam tot in die middel sodat die res van die klas ook sitplek het. En as jy nie Gorrel se raad volg nie, mag jy nie verontwaardig voel as mense jou vuil kyke gee nie!

– Gorrel staan soms verstom oor sommige se gebrekkige common sense. Hoe het jy die TGT's deurgekom as jy nie weet hoe werk 'n bank nie?

kampusquotes

Dit het die inkomstestaat laat ontstaan.

– Bestuursrek 378-dosent oor Viagra se verkope

'n Lapdance in Nubar kan nie regtig jou toekoms bepaal nie nè? Kan dit?

– Op die Rooiplein gehoor

– Dosent: Wanneer is 'n gesig vir 'n mens aantreklik?

– Student: 03:00 in die oggend in die Bok.

– In 'n derdejaar-Sielkundeklas gehoor.

Hoe oud is jy? Weet jy dis onwettig? Ag nee, gaan doen dit voor Minerva, nie voor Sonop nie.

– Sonop-inwoner betrap klein seuntjie wat in die bosse voor Sonop urineer

Jy hoef nie oor te slaap nie, ek wil net cuddle.

– Buite Die Mystic Boer gehoor

Spasie is cheaper as vrouens van betwyfelbare morele waardes.

– Vierdejaar-ingenieurswesestudent oor hoe min spasie IT vir studente gee

I need someone worthy of my looks.

– Vesta first year during a skakeling with Aristeia

Ons moes langer uitgegaan het, dan sou ons dit nou gemis het!

– Harmoniet aan mede-Harmoniet nadat die brandalarm 03:30 op 'n Saterdagoggend afgestaan het

Hulle het PT-broekies aan; ons kan netsowel vir Jan kyk.

– Ontstoke ondersteuner oor die Maties cheerleaders se outfits by die eerste tuiswedstryd van die Varsity Cup

Stuur jou
KampusQuotes na
quotes@diematie.sun.ac.za

Quote van die week

Ek is so depro! Ek het dit net laasweek uit Humarga uit gesteel, en nou is dit weg!

– Student oor sy verdwene geheuestokkie

www.nubar.co.za

Uitnodiging
gratis toegang

Dinsdag, 9 Maart 2010

deur

Nina Jablonski

Professor en Hoof van
die Departement Antropologie
Pennsylvania State Universiteit

Darwinvoorlesing

*why human skin
comes in colours*

6 nm

Plek

Wallenberg Sentrum
Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS)
Maraisstraat, Stellenbosch

RSVP

linet@hippocommunications.com
021 556 0246





Embassy of the Kingdom
of the Netherlands



AFRICA
GENOME
EDUCATION INSTITUTE

Antoinette te besig vir tienjaarplanne

"Toe ek terugkeer na Suid-Afrika, was dit dieselfde tyd wat Charlize Theron haar Oscar gewen het. Almal rondom my het gejuig; ek het gehuil. Ons is ewe oud. Dis daar en dan dat ek besluit het om my toneelspeidrome te verwesenlik."



Fotos: LUNDI CAVERNELIS

KWYTRAAK

Deonette Theart

Antoinette Louw is lankal nie meer Inge van Schalkwyk wat in 7de Laan se boetiek werk nie. Sy het ook intussen haar korterige bruin kapsel vir haar natuurlike lang blonde hare verruil. Ook die Goudstad is verruil vir die mooie Stellenbosch. Een ding wat behoue gebly het, is haar onblusbare passie vir die toneelwêreld. Sy en haar Amerikaanse kêrel, Dwight Steyn, wat pas van 'n besoek aan die VSA teruggekeer het, het my vir 'n koppie koffie ontmoet.

Antoinette is in die Jakarandastad gebore, maar het in Potchefstroom, Vanderbijlpark en Bloemfontein grootgeword. Beide haar ouers is professore in Sielkunde en die gesin moes juis as gevolg van hul beroep vir kort periodes gedurende Antoinette en haar jonger broer se grootwordjare in Amerika gaan woon.

"Ons het 'n sy van Amerika beleef wat min mense ken," vertel sy. Dis juis in Amerika waar sy en Dwight mekaar ontmoet het. "Dwight se pa is 'n Suid-Afrikaner, maar het later VSA toe getrek. Ons ouers het ontmoet as gevolg van die Suid-Afrikaanse konneksie en ons gesinne het toe gereeld saam gekuier. Ons het kontak verloor oor die jare, maar weer deur Facebook kontak gemaak!" lag sy.

Antoinette se kop het nog altyd drama se kant toe gestaan. "My ouers was van die begin af baie ondersteunend, maar hulle bly tog bekommerd. Hulle weet dis nie altyd 'n stabiele lewensstyl nie." Sy het haar dramagraad (cum laude) aan die Universiteit van die Vrystaat ontvang en daarna verder by AFDA toneelspel vir film onder die wakened oog van Deon Opperman gestudeer. "Ná my studies het een van my beste vriende my genooi om *all expenses paid* saam

met hom in Malta te gaan vakansie hou. Ek het nie eens geweet waar Malta is nie, maar ek kon natuurlik nie nee sê nie." Die vakansie het egter in 'n verblyf van 'n jaar ontaard as gevolg van 'n vurige romanse met een van die *locals*.

"Toe ek terugkeer na Suid-Afrika, was dit dieselfde tyd wat Charlize Theron haar Oscar gewen het. Almal rondom my het gejuig; ek het gehuil. Ons is ewe oud. Dis daar en dan dat ek besluit het om my toneelspeidrome te verwesenlik." Ná net omtrent vier oudisies het sy die rol van Inge in 7de Laan losgeslaan. Na twee jaar in die sepie het sy egter besluit om te gaan doen waarvoor sy die liefste is: teater. "Ek mis nie nou meer die sepiewêreld as sodanig nie, maar eerder die mense. Die hele *cast* is baie na aan mekaar," dink sy nostalgies terug. Sy sê 'n vaste inkomste is ook nou iets van die verlede. "Ek is elke dag nog bekommerd oor waar my volgende *pay check* vandaan gaan kom, maar ek is beter as wat ek was. Ek moet tog die verantwoordelikhede aanvaar vir die loopbaan wat ek gekies het."

Oor *celebrity*-wees het Antoinette 'n duidelike standpunt: "Dis *weird* as mense jou op straat aankyk. Ek het nog nooit daarmee gemaklik gevoel nie. Ander mense floreer daarop. Ek nie." Met die gewildheid van 'n sepie soos 7de Laan, is reaksie van die publiek natuurlik 'n gegewe.

"Party mense leef hulle so in, want 7de Laan bied 'n kans vir totale ontvlugting. En nie net vir kinders nie, hoor!" glimlag sy. Antoinette vertel van 'n middeljarige oom wat sy besigheidskaartjie vir haar kom gee het en gesê het sy moet hom bel as sy geld benodig. Dit was in die tyd toe die boetiek waar Antoinette se karakter gewerk het, in 'n finansiële verknorsing was.

"Daar was ook een keer 'n klein dogtertjie wat skaam-skaam vir my kom vertel het dat Tokkie, wat deur Richard van der Westhuizen vertolk is, vir my jok." Daar is selfs ma's wat vir haar kom vertel het hul dogtertjies sê elke aand dankie vir 7de Laan in hul gebedjies voor hulle gaan slaap. "Dis *special!*" sê sy. "My pa sê altyd vir my dat dit 'n gawe is om mense gelukkig te maak. 7de

Laan het my die geleentheid gegee om dit te kan doen."

Die gesprek gaan terug na Antoinette se passie vir die verhoog. "Daar is 'n *magic* op die verhoog wat glad nie op stel is nie. Vir my is teater heilige grond." Sy kies haar volgende woorde baie versigtig. "Ek weet nie of ek dit moet sê nie, maar ek gaan tog. In die teater kan 'n boodskap soms sterker oorkom en jou meer in die maag tref as wat partykeer in die kerk kan gebeur." "It's the difference between watching the wildlife channel and going on safari," sit haar kêrel hand by.

Antoinette verwys veral na die produksie "Dis ek, Anna" waarin sy die hoofrol vertolk het. Dit is gegrond op die boek met dieselfde titel, wat handel oor 'n vrou wat as kind gemoelsteer is. "Elke gehoor is so geroer deur die storie, en dis wat dit so *rewarding* gemaak het. Ek het soms van die verhoog af mense hartverskeurend hoor snik en dan weet ek wat met Anna gebeur het, het met hulle gebeur, of dit is besig om met hulle te gebeur of hulle leef hulle so in Anna se wêreld in," vertel sy. Antoinette verduidelik dat die produksie mense só raak dat hulle nie anders kan as om daaroor te praat nie. "Ek glo dat die produksie iemand êrens hoop gegee het, want dis nie 'n hartseer storie nie; dis inspirerend."

Antoinette tree in twee produksies by die vanjaar se Woordfees op. Dit was haar breinkind om die bekende Amerikaanse stuk "The Vagina Monologues" in Afrikaans te vertaal en verwerk. Die stuk handel oor vroulike seksualiteit in al sy fasette en geheimenisse. "Mans en vroue sal dié stuk ewe veel kan waardeer, want dis regtig 'n mooi storie. Dis dikwels die mans wat die hardste hande klap!" vertel sy opgewonde. "Mense hoef nie bang te wees vir die *show* nie, want "vagina" is nie 'n vloekwoord nie. Niks in die vertoning is kras nie," stel sy die benoude kyker gerus. Sy sê sy het die Afrikaanse vertaling haar eie probeer maak. "Ek het dit heeltemal verafrikaans. Dele is ingevoeg en ander dele wat ek gevoel het nie lekker vir die Afrikaanse gehore gaan werk nie, is uitgehaal. Maar die boodskap

is steeds behou."

Sy, Lulu Botha en Jacqui du Toit verteenwoordig die hele spektrum van vrouwees. "Ons is sulke uiteenlopende vroue dat die kombinasie perfek werk vir die teks."

"Afspraak" is die ander produksie waarin sy op die Woordfees-planke verskyn. Dit is die veteraanvervaardiger Jan Scholtz se eerste verhoogstuk.

"Dit gaan korjliks oor 'n gesin wat weier om te praat oor iets wat in die verlede gebeur het. Daar's probleme wat nie aangespreek word nie," vertel sy. Dis duidelik dat hierdie kwessie haar na aan die hart lê. "As 'n mens weier om oor iets te praat, gaan dit jou geestelik siek maak. Ek is 'n voorstander daarvan dat mense moet praat oor die dinge wat hulle pla."

Antoinette voel baie geseënd oor die lekker spanne waarin sy deesdae werk. "Dis natuurlik 'n proses om mekaar te leer ken. Ek dink dat as jy goed oor die weg kom, dit op die verhoog sal wys," sê sy. Haar pa se wyse raad ("Dis nie wat jy sê nie, maar hoe jy dit sê") kom handig te pas as daar konfliktsituasies ontstaan. Antoinette giggel skielik as sy aan 'n voorval teruggedink. "Ek en my manlike byspeler, wat my kêrel in 'n film gespeel het, het glad nie oor die weg gekom nie. Dit was aaklig om hierdie persoon, wat ek eintlik net wou doodmaak, te soen. Dán moet jy *act, suster!*," lag sy.

Antoinette vertel dat sy nogal kieskeuring is as dit kom by die tipe werk wat sy deesdae aanvaar. "Ek is op 'n punt in my lewe wat ek nie meer iets aan enige iemand hoef te bewys nie," sê sy. Sy sê dis vir haar baie belangrik om in produksies te verskyn wat 'n verskil maak.

Antoinette bieg dat sy nie iets soos 'n tienjaarplan het nie, maar dat sy 'n hele paar projekte het wat haar bedrywig hou. Sy is tans besig met die vertaling van "Night, Mother" ('n Pulitzerpryswenner deur Martha Norman), sy gaan by die KKNK optree en dan is daar nog 'n storie in haar agterkop wat wag om neergepen te word. Maar dááror bly sy eers tjoepstil...

Trying to iron out the creases while restructuring



STUDENT FORUM

MerlInn Titus

With all that's happening on campus it's sometimes hard to keep your eye on one issue. One thing you might have noticed is that you've heard the term PSO being thrown around more than ever. There's quite a good reason for this. Currently the PSO system is still undergoing a huge restructuring process. This process has been at the forefront of many campus debates and has become something of a top priority for university management as well as campus leaders.

If you've been keeping up to date with all the happenings, you might have been asking the same questions. Where are we going with all this? And are we on the right track?

The results have without a doubt been bene-

ficial. The mechanisms at the disposal of House Committees are much more efficient in comparison with the Stone Age procedures I was accustomed to. However: Have we lost a bit of that old flavour?

With all that's happened in the last two years, did some of the leaders forget where they came from or did things just happen so fast that they are all just trying to keep up?

In the past two years we've gone from five PSOs on Stellenbosch campus to nine. We've moved from geographical allocation to a system of random allocation. We've moved to a cluster-oriented system of campus life. To give respect where it's due: these are all revolutionary ideas which have had a huge impact on the way things happen on campus. My only issue is that with this comes a massive change in group dynamics.

House Committees are now faced not only with the stress of trying to keep up with a strenuous RAG programme, but have the added concern of dealing with students from various cultural, religious and social backgrounds. Whether they have dealt with this issue is another question. The actual issue here is whether our House

Committees are prepared for this and whether they are given the necessary training for it. When you invite new diversity into a group, you invite new situations and can't for a second believe that you can deal with sensitive issues without being aware of the ins and outs of the case.

How is it possible to deal with something if you don't know what it is?

I guess what I'm trying to say is that in my view, the welcoming programmes, year programs and basically the bulk of activities on campus coming from House Committees are not yet all-embracing. They are, at most, accommodating. Is there really a place for a student who doesn't fit the bill of your everyday Stellenbosch student? Don't get me wrong. What I mean is, is there a "real place", a place for a student from a different cultural, religious or social background to be his or herself and still take part in mainstream campus life, somewhere where a student's religion will be embraced as well as catered for, somewhere where something as simple as one's taste in music will be taken into account.

What I'm asking for is not the stars or the moon, but simply that House Committees step

out of their bubble, find out about other cultures and social backgrounds, get out there and learn about the world outside Stellenbosch because I assure you it is out there waiting for you. I'm calling for Stellenbosch to become that all-embracing place where everyone will not feel merely accommodated but inherently accepted in our precious Matie culture. This might be a lot to ask of the society we live in, but in my opinion it is the bare minimum for someone who calls themselves a campus leader. I hope that we will take this experience and incorporate it in everything we do on campus.

- Titus is currently a final year postgraduate LLB student.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. | The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.



HOU HOM VAS Pierre Mynhardt van Libertas word deur sy , Andreas Pfeffer en Justus Cuttig van Helshoogte getakel. Helshoogte het vir Libertas 15-13 in die Nuwellinge-0Rugbytoernooi geklop.

Foto: ANDRÉ OLIVIER

Libertas in naelbytoernooi geklop

Jong Hellies gee hoendervleis

PIET LATEGAN

Helshoogte het Vrydagaand seker gemaak van die titel in die Nuwellinge-Rugbytoernooi. Die eerstejaars het hulle deel gedoen en bygedra tot 'n opwindende toernooi.

Helshoogte het vir Dagbreek laas week in die semi-finaal met 15-14 geklop en so na die finaal deurgedring.

Libertas het op hul beurt seker gemaak van hul plek in die finaal deur Majuba met 26-18 in die ander semi-finaal te verslaan.

Die twee spanne het dit vroeg duidelik gemaak dat hulle dit nie vir mekaar gaan maklik maak nie. Libertas het al in die tweede minuut 'n drie gedruk.

Libertas se linkervleuel, Caleb Smith, het die bal bemeester ná Helshoogte se mislukte skop. Hy het dwars oor die veld genael en verskeie verdedigers afgeskud. Hy het só ook die bal met perfekte tydsberekening laat loop na die buitensenter, Rocco Tallie, wat die lyn reguit gemaak en gaan druk het.

Die doelskop van die losskakel Nico Ferreira was in die kol en Libertas het met 7-0 voorgeloop. Tallie is egter hierna as gevolg van 'n oortreding met 'n geelkaart gestraf.

Libertas het hierna knaend aangeval, maar Helshoogte het met rotsvaste verdediging beïndruk. Helshoogte het al hoe meer balbesit

begin kry en Libertas in hul eie halfgebied vasgepen en tot foute gedwing.

Dit het die Hellies-buitesenter Brad Coetzer, in staat gestel om met drie strafskoppe te slaag. Libertas het nooit gaan lê nie en is met 'n strafskop deur Ferreira beloon vir sy harde werk.

Coetzer het egter net voor rust met 'n lang strafskop geslaag en die manne het gaan water drink met 12-11 in Helshoogte se guns.

Die tweede helfte het wipplank rugby opgelewer met beide spanne wat 'n swakplek in die ander se mondering gesoek het. Beide senters het mekaar goed opgekeel.

Daar is min genade getoon met Coetzer en Jaco Gouws wat vir Helshoogte 'n geblink het en Tallie en Ruan Hassel wat dieselfde gedoen het vir Libertas.

Die spanne se dissipline sou hulle laat in die wedstryd in die steek laat. Dit sou uiteindelik die uitslag bepaal. Elke span het 'n geelkaart ontvang en dit het bepaal dat elke span 'n strafskop sou kry.

Ferreira het Libertas met 13-12 na voorloop, maar hy het homself hierin die gramskap van die skare op die veld gehaal met 'n hoogvat en die resultaat was 'n geelkaart en 'n maklike strafskop vir Helshoogte.

Coetzer het onder toenemende druk kalm gebly en in die laaste vyf minute met die strafskop vir Helshoogte 'n span se trots verseker.

Helshoogte het met 'n oorwinning van 15-13 geseëvier.

Die spanne se dissipline sou hulle laat in die wedstryd in die steek laat



BLAAS DIE FLUITJIE

WORD 'N SKEIDSREGTER

Raak betrokke by jou gunsteling sport. Sluit aan by jou provinsiale skeidsregtersvereniging vir die beste posisie in die stadion!



www.sareferees.co.za • referee@sarugby.co.za
0861 232 733 of sms "referee" na 082 328 4878



Slag van Amajuba

HENK TRUTER

DIE SLAG van Amajuba Sevens is 'n jaarlikse instelling wat deur Amajuba aangebied word. Die Slag van Amajuba het oorspronklik op 27 Februarie 1881 tussen die Britte en die Boere plaasgevind.

Die herdenking het hierdie jaar op 12 Februarie by Coetzenburg plaasgevind.

Spanne van 'n verskeidenheid koshuise het deelgeneem. Baie goeie rugby is op die dag gespeel en dit is merkwaardig juis omdat dit nog voor die seisoen is.

Die toernooi is op die dag deur Helderberg gewen wat met 'n hele paar pryse huis toe is. Voorheen is daar ook 'n netbaltoernooi vir vrouestudente aangebied, maar hulle kon nie dié jaar 'n baan kry nie.

NO BUTT-HEAD IN KAYAMANDI

The Helshoogte-Kuyasa Futsal Project organised a soccer day in Kayamandi on 13 February. About 30 men from Helshoogte played futsal games with the children and the Cape Winelands District Municipality sponsored 500 t-shirts, 50 vuvuzelas and 500 food parcels given to the children of Kayamandi. This community service project of Helshoogte is managed in collaboration with Kuyasa from Kayamandi, and the One Stop Service from Maties Community Service (MGD) finances the project.

Photo: JOHANN SWART



SCORE! Precious Ledwaba from Erica scores the final and winning goal in the Best XI tournament final against Aristeia on Saturday, despite the strong defense by Chereese Sauer, Aristeia's goalkeeper.

Photo: JOHANN SWART

Pink panthers are soccer's best XI

MIA SMIT

ERICA and Aristeia didn't give each other a break just because it was weekend. These two teams made sure that the Soccer Best XI final on Saturday was enough of a challenge for both teams. While the two teams challenged each other on the field, the small but enthusiastic group of supporters challenged each other off the field. Although the teams were quite weak as units, both had a few very strong key players who helped them through and challenged the other team.

Jean-Mari Barnard from Aristeia was one such player. She was constantly on top of her game and gave Aristeia a goal that they could be proud

of.

Venita Januarie was a great attribute to Erica and although she suffered an injury in the second half, she quickly recovered. Chereese Sauer, goalkeeper, also did her part to make sure that Erica had their work cut out for them. Precious Ledwaba from Erica was, however, too strong for this goalkeeper. She first scored a goal in the penalty shootout in the first half and then the final winning goal in the second half, and the match ended 3-1 to Erica. Andrea Grobler from Erica helped her teammate out by scoring a goal in the second half.

The excitement of these women is quite inspiring and one can only hope that both teams will be able to build on this success.

Maties Underwater Club dives for treasure in deep waters

CANDICE APPOLLIS

THE MATIES Underwater Club held its annual crayfish diving competition on Saturday 5 February.

Initially it looked as though the weather was going to put a damper on

the day's diving. However, those who were prepared to deal with a bit of a surge, easily found diving waters.

The rules of the competition stated that anyone could enter, and that the crayfish may be dived anywhere legally permitted. Most Maties didn't have far to drive since Rooi Els, a

well-known crayfish diving site, looked promising.

After a great day of diving, the weigh-in and prize-giving function was held at the Maties Underwater Clubhouse in Stellenbosch.

The criterium for the awards was the length of the carapace, measured

straight down the middle.

Charles Fourie got first place with his crayfish of 11.4cm. Close behind him was Jaco van der Walt in second place with 11.2cm. John Williams's crustacean gave him a third place with 11cm. Kyle Myburg came in fourth with 9.3cm.

The Underwater Club will also be presenting spearfishing and scuba diving courses over the next couple of weeks. Anyone interested in spearfishing, underwater hockey or scuba diving is welcome to contact the club for more details at www.matiesunderwater.co.za.

2010 SOKKERWÊRELD BEKER

Deel Agt: Suid-Afrikaanse sokkerster kyk in kristalbal

Suid-Afrika se nabye toekoms só voorspel

ELRI NIEUWENHUIS

Toe die bod om die gasheerland vir die Sokkerwêreldbeker te wees aan Suid-Afrika toegeken is, was baie se eerste reaksie dat hierdie 'n wonderlike geleentheid vir dinamiese vooruitgang vir die land sal wees.

Almal, van blommeverkoppe tot konstruksiewerke, maak reg vir die groot golf mense wat na verwagting op Suid-Afrika gaan toesak. Vir baie studente is hierdie slegs 'n kans om langer vakansie te hou of dalk, in party gevalle, hul huise uit te verhuur vir 'n ekstra paar sent.

Dalk is jy van die min studente wat al 'n kaartjie het om jou gunstelingspan te gaan kyk. Ander besit

dare al 'n vuvuzela, net om ook deel te wees van die feestelikhede. Alhoewel dit waar is dat dit 'n uitstekende geleentheid vir Suid-Afrika is, is dit ook belangrik dat almal sal besef presies hoe hierdie geleentheid hul lewens gaan raak.

Die naam Gary Bailey sal aan Supersport-aanhangers bekend wees. Hy het self vir spanne soos Manchester United en Kaizer Chiefs gespeel en is vir die afgelope 20 jaar 'n televisie-aanbieder op Supersport. Hy was ook betrokke by die afgelope twee Sokkerwêreldbekers en het by verskeie geleenthede, onder meer Maties Sport se Erekleure-dinee, toesprake gelewer oor die impak van dié geleentheid op die inwoners van die gasheerlande. Volgens hom besef mense nie altyd dat daar konstante

verkeersopeenhopings en geraas rondom lughawens gedurende hierdie tydperk gaan wees nie. Mense kan ook verwag om soveel as R 8 000 per vlug te betaal. Verkeer rondom die stadions sal ook met tot 30% toeneem en parkering sal byna onmoontlik wees. Volgens Bailey sal selfs diegene wat gedurende hierdie tydperk tuis gaan bly (wat waarskynlik die beste uitweg sal wees) geraak word. Hy is ook van mening dat basiese goedere soos vars vrugte en groente skaars sal wees. Tydens die 2006 Wêreldbeker moes Duitsland hierdie goedere vanaf ander lande invoer.

Soos reeds in 'n vorige uitgawe genoem is, sal Matiestudente ook geraak word aangesien die universiteit se koshuise gedurende hierdie

tyd uitverhuur sal word. Aangesien daar hierdeur geld gemaak kan word, is hierdie egter 'n positiewe impak.

Bailey voer verder aan dat met goeie beplanning almal die wêreldbeker-tydperk sonder te veel frustrasies sal kan oorleef. Hy beveel aan dat vlugte geskeduleer moet word gedurende tye wanneer wedstryde aan die gang is. Wedstryde begin 13:30. Hy vra ook dat mense probleme soos parkering en verkeersopeenhopings in hul tydsberekening moet inwerk.

Toesprake en voorspellings soos hierdie mag dalk vir sommige soos 'n doempesimie en pessimisme klink, maar dit is bloot daar om almal bewus te maak van die implikasies.

Indien mense vroegetydig ten volle bewus is en dus daarvolgens kan beplan, kan enige ongelukkighede en klein irritasies uitgeskakel word. As daar in ag geneem word hoeveel voordeel Suid-Afrika uit hierdie geleentheid gaan trek, is dit die moeite werd om so 'n klein bietjie langer te moet soek vir parkering of om vriendelik te wees met verbygaande toeriste.

Inligting verkry van: www.rac.org.za/forum/viewtopic; www.garybailey.co.za en www.fifa.com/worldcup

FIFA
WORLD CUP



SPELER 23 Matie-ondersteuners se senuwees is nie Maandagaand verniet op hol gejaag nie. Die Shimlas het vele uitdagings gebied, maar Maties het op die ou einde met 31-15 as oorwinnaars uit die styd getree. 'n Groot skare ondersteuners was maar net een van die bestanddele in Maties se wenresep. Sien nog foto's op Die Matie se Facebook-bladsy. Foto: JOHANN SWART

Universiteit Stellenbosch se Eerste Rugbyspan verdien vierde kepie op Varsity Cup-kerfstok

Maties oorkom moeilike Kovsie-uitdaging

PIET LATEGAN

Die FNB-Maties het verlede Maandagaand die Universiteit van Johannesburg met 43-10 geklop en eergister op hul sukses voortgebou met nog 'n sprankelende oorwinning van 31-15 oor Shimlas (van die Universiteit van die Vrystaat).

Dit was egter nie net maanskyn en rose vir die Maroentruie nie en hulle moes hard swoeg vir 'n voltal van 5 ligapunte in gure weersomstandighede.

Dagbreek het in die Steinhoff-Koshuiskampioenskappe met 24-7 die knie gebuig voor hul eweknieë van Shimlas, Vishuis.

Maties was aan die begin van die

wedstryd oorhaastig en het verskeie foute gemaak.

Dit wou ook voorkom of die Maroentruie die verkeerde spelpatroon gevolg het. Daar is probeer om te veel van die voorspelers gebruik te maak en die agterlyn moes met die krummels tevrede wees. Shimlas het eerste punte aangeteken ná 'n drie deur die flank, Willie Britz.

Die drie het egter teen die verloop van die spel in gekom met Maties wat al die aanvalswerk gedoen het. Shimlas se heelagter, George Whitehead, was in die kol met die doelskop en dit wou voorkom asof Maties op hul louere rus.

Die Maroentruie het egter teruggeantwoord met 'n drie deur die plaasvervanger-flank Josh Strauss. Die

losskakel, Conrad Hoffmann, was suksesvol met die doelskop, maar dit wou steeds voorkom of Maties nie heeltemal gereed opgedaag het vir hierdie kragmeting nie.

Dit was egter nie net maanskyn en rose vir die Maroentruie nie

Hoffmann gaan binnekort saam met Jurgen Visser na die WP-span skuif.

Ná 'n halfuur se spel wou dit lyk asof Shimlas beheer van sake begin oorneem. Whitehead het komkommerkoel 'n skepdeur deur die pale gejaag en net hierna het die buite-

senter, Earl Snyman, gaan druk ná vinnige aangeewerk in die agterlyn.

Whitehead se korrel was egter windskeef met die doelskop en met 'n strafskop 'n paar minute later was dit dieselfde storie.

Maties het net voor rustyd weer gaan druk nadat die haker, Matthew Dobson, met brute krag oor die doellyn gebeur het. Hoffmann se doelskop was suiwer en met die omdraaislag was die telling 15-14 vir Shimlas.

In die tweede helfte wou dit die heelyd lyk asof die damwal wou breek met Maties wat pal aangeval het, maar die manne uit Bloemfontein het hardnekkig verdedig.

Hoffmann het ná 'n kwartier in die tweede helfte oorgeval vir nog 'n vyfpunter en hy het ook geslaag

met die doelskop. In die daaropvolgende tydperk het Maties geprobeer om die uitklophou te plant, maar oor haastigheid en dom foute het hulle gekortwiek.

Hoffmann het egter met vyf minute speelyd oor die wedstryd buite bereik van Shimlas geplaas met 'n strafskop. Maties het in beseringstyd een laaste aanval geloods en die plaasvervanger vleuel, Jonathan Francke, het afgerond deur die agterspelers.

Hoffmann het die ekstras bygevoeg en nog 'n oorwinning is verseker. Die agsteman, Tertius Daniller, is agternaas speler van die wedstryd aangewys vir sy klipharde spel en dit wou deur skemer of daar hierdie seisoen in Matieland feesgevier gaan word.

Steinhoff
 International



Varsity Cup 2010



Mrt 1	Maties	vs	Tuks	Danie Craven Stadium	4:30pm
Mrt 8	Maties	vs	UCT	Danie Craven Stadium	6:30pm
Mrt 15	Maties	vs	Pukke	Fanie du Toit Stadium	4:30pm

Semi-finals 22 Maart | Finale 29 Maart

FIRST NATIONAL BANK
MATIES FIRST TEAM

FNB MATIES

Maandag 8 Feb 2010
FNB Maties vs UJ
43 - 10

Maandag 8 Feb 2010
FNB Maties vs Shimlas
31 - 15

